# VAKATURE BY ‘N GF4GF SENTRUM

**(Good Foundations for Good Fruit)**

# BESTUURDERSPOS en HUISMOEDER

**Die A-Maize-ing Sentrum, Bothaville Vrystaat**

**Posbeskrywing**

Kandidate moet ongeveer agt gematrikuleerde jongmense uit verskillende kulture op ‘n kleinplaas buite Bothaville mentor en dissipel vir ‘n “gap year” wat loop vanaf Februarie tot November elke jaar.

**Die GF4GF program sluit die volgende in:**

Morele herstel en karakterontwikkeling; waardes van dissipelskap; leierskap; lewensvaardighede; probleemoplossing; kommunikasie en konflikhantering; alkohol-en dwelmvoorkoming; seksualiteit en verhoudings; familiewaardes; basis in pastorale gespreksvoering; fasilitering; leer deur ervaring; groepswerk; misdaadvoorkoming; gemeenskapsontwikkeling en –transformasie; kinderbediening en jeugwerk; loopbaanbegeleiding; persoonlike finansies; basiese besigheids-beginsels; basiese boerderybeginsels en groentetuine.

Vir meer besonderhede oor die aard van die getuieniswerk/gemeenskapsdiens gaan na http://gf4gfcentres.co.za/about-us/

**Vergoeding**

Vry inwoning en etes as die sentrum in bedryf is, ‘n voertuig met brandstof vir die uitvoering van die opdrag. Die maandelikse vergoeding sal tydens ‘n onderhoud onderhandel word.

**Vereistes**

Persone wat ‘n persoonlike verhouding het met **Jesus Christus**, ‘n liefde het vir **die jeug** en **oor kultuurgrense** heen brûe kan bou. Die persoon moet ‘n vader- en moederfiguur wees vir die student en oor die vermoë beskik om te **inspireer** deur ‘n goeie **rolmodel** te wees, kursusse aan te bied, **dissipline** te handhaaf, **verhoudings te bou** met die boerderygemeenskap en bowenal ‘n K**oninkryksperspektief** uitleef. Die gebruik van Sesotho sal ‘n aanwins wees. Samewerking met plaaslike leraars en pastore moet voortgesit word.

**Sluitingsdatum:** 31 Oktober 2017

**Diensaanvaarding:** 1 Januarie 2018, of so spoedig moontlik daarna.

**Adres:** ngbothaville@telkomsa.net of Posbus 267, Bothaville 9660

**Navrae:** Ds Johan Lessing 082 873 0930, of dr Pieter van Jaarsveld 082 852 5702